

Mr AS Simelane | Chairperson of Council
Private Bag x3015 | Randburg 2125, South Africa
Tel: +27 12 429 2554 (Secretary of Council)
E-mail: sakhis@unisa.ac.za www.unisa.ac.za

MNR S SIMELANE, VOORSITTER VAN DIE RAAD

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

GELUKWENSING

UNISA 145STE VERJAARSDAGVIERING

ZK MATTHEWS-SAAL, MUCKLENEUK-KAMPUS

4 JULIE 2018

***Die Afrika-universiteit wat in diens van die mens toekomsdrome
verwesenlik***

Dankie Seremoniemeester

Geagte gaste, dames en here

Dit is by 'n geleentheid soos hierdie, wanneer 'n instelling 145 jaar oud word, dat die van ons wat nou deel daarvan is baie trots is dat ons 'n keur- akademiese en intellektuele organisasie kan lei wat aanhou om asem te haal, te lewe, die toekoms te vorm, en om 'n diens aan die mensdom te lewer. Dit maak 'n mens inderdaad nederig, tog is dit 'n opbouende ervaring om deel van Unisa se 145ste verjaarsdagviering te wees.

Dit maak 'n mens ook nederig om na die betekenis van ons 145ste verjaardag te kyk omdat dit saam met die eeufeesviering van Nelson Mandela se geboorte val; ook 'n Unisa-alumnus. Ter ere van Madiba se lewe en nalatenskap, en gegewe ons wortels in Suid-Afrika en die Afrika-kontinent, wil ons 145 jaar vier deur die boodskap van Nelson Mandela-dag te benadruk. Ongeag hoe klein jou bydra, vier dit deur die wêreld beter plek te maak, net soos Nelson Mandela dit elke dag gedoen het.

Ek twyfel vir geen oomblik nie dat hierdie 145-jaar-mympaal wat Unisa vandag vier, 'n besinning is van sy ontstaan, beproewinge, oorwinnings en uithou vermoë.

Unisa is deel van die lang pad na die idee van 'n universiteit in die algemeen. Ek moet beklemtoon dat universiteite deel van daardie baie belangrike mensgemaakte instellings is wat altyd in die kollig en onderhewig aan kritiek is, alhoewel niemand ooit wens dat hulle nooit bestaan het nie. Universiteite, soos al die groot en belangrike mensgemaakte instellings, is ook altyd oop vir die risiko van "kaping" deur verskeie kragte – van kapitaal tot die staat. Die samelewing en studente wil ook universiteite "kaap".

Terwyl die Universiteit dus op die eise van verskillende belanghebbers moet reageer, moet dit ook nie soos 'n weerhaan optree wat getrou op elke wind wat waai reageer nie. Daar is tye wanneer universiteite die openbare diskoers moet lei op grond van die versameling van die jongste navorsing, terwyl hulle getrou aan hul verskillende dele moet bly.

Dit was trouens in daardie gees wat Unisa homself daartoe verbind het om die mense se wens vir 'n oop instelling vir hoër leer te vervul, wat ons vandag Oop e-afstandsleer (ODEL) noem. Unisa het diegene wat die apartheidsregering as gevaarlik en as terroriste beskou en in berugte instellings soos Robbeneiland opgesluit het, aanvaar as studente en mense en het aan hul behoefte vir kennis en onderrig voldoen. Kom ons wens Unisa geluk vir hierdie goeie werk. Ons beloof om aan te hou om om te gee vir, te reageer op, en tot diens van mense te wees.

Unisa is werklik 'n mega-universiteit wat daarop trots is om 'n tuiste vir meer as 350 000 studente te wees.

Ons is trots daarop om die grootste rolspeler te wees in die doelstelling om toegang vir meer studente te bied. Ons sien verblydende groei in die verskeidenheid en demografie van ons studentebasis. Ons bly 'n groeiende aantal studente uit sekondêre onderwys lok wat na bekostigbare en toeganklike tersiêre onderwys soek. Verder sien ons meer werklose studente wat na beter onderwysgeleenthede soek. Dit baan die weg vir beide Unisa en ons regering om oor die uitdagings wat dit bied, te besin.

As Raad, wat nou saam met die Senaat en Unisa-bestuur werk, streef ons daarna om hierdie mega-instelling van hoër onderwys te laat leef en goed te laat leef, terwyl ons ons mandaat vervul. Ons beloof om te verseker dat:

- ons intellektuele en akademiese projek top klas en relevant is
- ons studente die beste dienslewering ervaar en dat hulle voortdurend trots daarop sal wees om by Unisa te wees
- ons dinamies is en onself altyd sal beoordeel ter wille van transformasie, innovering en oopheid om nuwe maniere van kennis, nuwe begrippe van bestaan, en nuwe begrippe van mag en gesag te ondersoek

Minister, ek moet sê dat ons by Unisa die huidige uitdagings in die hoëronderwyssektor ernstig beskou, maar nie op 'n apokaliptiese wyse om die einde van die Universiteit te verklaar nie.

Nie in die minste nie; ons sien dit as 'n uitdaging waarteen ons gemeet word in die bepaling van of ons dit genoegsaam aanspreek en aanvaar as 'n geleentheid om die herskepping van ons glansryke instelling te voltooi.

Ons is 'n instelling wat homself verbind het om 'n waarlik Afrika-ingesteldheid te hê, terwyl ons steeds globaal meeding. Ons was moontlik die eerste instelling van hoër onderwys hier in Suid-Afrika wat nooit bang was vir die herlewing van dekoloniserings en

Afrikanisering nie. Dit is waarom ons trots is om die tuiste van die unieke Annual Decoloniality Summer School te wees wat die Rhodes Must Fall- en Fees Must Fall-bewegings voorafgegaan het – omdat ons altyd met die vrae van maatskaplike geregtigheid besig was.

In 2016 het Unisa met 'n transformasieproses begin wat tot 'n Raadtransformasiewerkwinkel in Augustus 2017 gelei het, wat al Unisa se belanghebbers betrek het. Transformasie bly vir ons 'n top prioriteit. Ons het 'n plan opgestel wat uitdrukking gee aan Unisa se moed, toewyding en vertroue om ons troebel verlede en onseker toekoms aan te durf. Deur dit alles te doen, is ons aangespoor deur die kennis dat ons Pan-Afrika-navorsingsentrums en -instellings ons implementering van Unisa-strategieë, -planne en -beleide belig.

Ek twyfel nie dat niks ons kan stop indien ons algemene belange as 'n Unisa-familie saamsnoer tot die voordeel van die kennisprojek en ons diens aan ons studente bevorder nie. Die 145ste verjaarsdagviering bied ons die geleentheid om onself weer daartoe te verbind om 'n kultuur van passie te skep wat Unisa verteenwoordig, en in die proses sal ons 'n Universiteit skep wat 'n hoëprestasie-, diensgefokusde en mensgeoriënteerde instellings is.

Ek wil weer die geleentheid gebruik om die vorige leierskap van hierdie instelling (Raadslede, Kanseliers en Visiekanseliers) sowel as die huidige leierskap te bedank vir hul uitstaande werk. Die stelsels en prosesse kon nie oornag gebou word nie.

Ek sluit af met die Unisa Visekanselier se woorde by die amptelike opening van die 2018-akademiese jaar in Februarie toe hy gesê het "2018 is ons jaar om ons ooreengekome planne en beleide streng te implementeer". En ek stem heelhartig saam met hom. Namens alle "Unisans" en alle belanghebbers hier teenwoordig, kom ons wens Unisa 'n gelukkige 145ste verjaarsdag toe.

Dankie